## 19.6 RAPPORT 5 – DEPUTATE CHRISTELIKE ONDERWYS – KURRIKULUMONTWIKKELING (Art 144)

## 19.6 REPORT 5 – DEPUTIES CHRISTIAN EDUCATION – CURRICULUM DEVELOPMENT (Art 144)

A. Die voorsitter stel die Rapport.
The chairman tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Opdrag** | **1. Mandate** |
| 1.1 Na aanleiding van die noodsaak om oor Christelike onderwys in Suid-Afrika te besin, word die Deputate versoek om 'n kongres saam met ander belang-hebbende organisasies en kerke soos die NG, NH en AP-kerke te reël. So 'n kongres kan oor die stand van sake ten opsigte van Christelike onderwys in die breë, besin. | 1.1 Given the need to reconsider Christian education in South Africa the Deputies are to arrange a conference with other stakeholder organisations and churches like the NG, NH and AP churches to take a broad look at Christian education. |
| 1.2 Die Sinode word gevra om voort te gaan met die besluit dat gemeentes versoek word om te kollekteer sodat ARSO kan voortgaan met die ont-wikkeling van 'n Christelike kurrikulum vir gebruik in openbare en private skole. | 1.2 The Synod is requested to continue requesting congregations to have collec-tions for ARSO to proceed with the development of a Christian curriculum, for implementation in public and private schools. |
| 1.3 Kerkrade word versoek om in die lig van onder meer KO, art 21 en HK, Sondag 38 aandag aan die onderwys (in besonder die kurrikulum wat verbondskinders volg) te gee. | 1.3 Church Councils are requested to give attention to education (especially the curriculum the children follow), in light of *inter alia* CO, art 21 and HC, Sunday 38. |
| **Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1 to 1.3 noted.** |
| **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **2. Matters that the Synod take note of** |
| 2.1 Die Deputate is besig om 'n kongres te organiseer oor Christelike onderwys in Suid-Afrika. Dit was vir ons duidelik dat onsself vanweë kapisiteit baie moeilik so 'n groot kongres op ons eie gaan kan aanpak. Daarom het ons begin om in samewerking met die Instituut vir Christelike onderwys hierdie saak aan te pak en dit behoort gedurende 2018 te realiseer. | 2.1 The Deputies are arranging a confe-rence on Christian education in South Africa. It became clear that due to capa-city it would be very difficult for us to undertake such a large conference on our own and so we have partnered with the Institute for Christian Education, which should become a reality during 2018. |
| 2.2 Gemeentes het ruim in kollektes byge-dra vir kurrikuleringontwikkeling. Ons is baie dankbaar hiervoor! ARSO (nou onder die naam van Instituut vir Christelike onderwys) vorder fluks met | 2.2 Congregations generously contributed to curriculum development by means of collections. We are sincerely grateful! ARSO (now called the Institute for Christian Education) is making good |

| | |
|---|---|
| die afhandeling van 'n kurrikulum wat in privaatskole, openbare skole en tuisonderwys gebruik kan word. | progress in completing the curriculum for private schools, public schools and home schooling. |
| 2.3 *Oor die kurrikulering* | 2.3 *Regarding curriculating* |
| 2.3.1 Dit is 'n baie arbeidsintensiewe saak en groot vordering is gemaak agv voorgangers wat reuse fondamente gebou het. Die kurrikulum moet toeganklik en bruikbaar wees vir openbare skole, daarom het ons die hele aanslag van die verlede verander. | 2.3.1 It is tremendously labour intensive and great progress could be made due to the sturdy foundation of predecessors. The curriculum needs to be accessible and useful to public schools and so we adapted the entire approach of the past. |
| 2.3.2 <u>Die volgende sake het aandag geniet</u> | 2.3.2 <u>The following aspects were addressed</u> |
| 2.3.2.1 Die titel van die kurrikulum is die Waterstroomreeks. Dit het 'n tweeledige betekenis. Eerstens is Christus die bron van alle kennis en Hy is ook die lewende water. Dit is tog ook wat ons moet verkondig. Tweedens moet 'n gesonde waterstroom nie stilstaan nie, ons glo dit is ook van toepassing op ons kurrikulum, dit moet voortdurend ontwikkel word, daar moet dus intellektuele vloei plaasvind. | 2.3.2.1 The curriculum is called the Waterstroomreeks (Water Stream Series), which has a two-fold meaning. Firstly, Christ is the source of all knowledge and He is also the living water, which is after all what we proclaim. Secondly, a strong water stream cannot remain static and we believe this to be applicable to our curriculum, which should always be developing - i.e. intellectual flow. |
| 2.3.2.2 Die kurrikulum voldoen aan die KABV/CAPS standaarde en word intensief verryk. | 2.3.2.2 The curriculum complies with the KABV/CAPS standards and is intensively supplemented. |
| 2.3.2.3 Daar word gewaak teen die ontwikkeling van 'n kurrikulum met 'n Christelike sousie, dit moet 'n ware geïntegreerde Godgesentreerde kurrikulum wees. | 2.3.2.3 Care is taken to avoid the development of a curriculum with a Christian veneer, it must be a truly integrated God-centred curriculum. |
| 2.3.2.4 Drie hoofmomente hiervan is vaardighede, kennis en waardes. | 2.3.2.4 Its three main components are skills, knowledge and values. |
| 2.3.2.5 Die **waardes is die goue moment** van die kurrikulum. Hierdie waardes is in drie hoofkomponente verdeel nl Godsaanskouing, Mensbeskouing en Skeppingsbeskouing. Vir die kind is dit vertaal in Wie is God? Wie is jy? en Wat moet jy doen? (roeping). Hierdie drie komponente moet voortdurend die kennis aan die kind ontsluit. Dit is die bril waardeur hy na die kennis moet kyk. | 2.3.2.5 The **values component is its golden feature**. This component comprises three main elements, namely reflecting on God, reflecting on man and reflecting on creation. It is simplified for the child into Who is God?, Who are you? and What must you do? (calling). These three components are the means by which the child is to process knowledge or the lens through which he must view knowledge. |
| 2.3.2.6 Die Christenonderwyser in die openbare skool kan hierdie kurrikulum ook met groot vrug gebruik. | 2.3.2.6 The curriculum could also be of great benefit to Christian teachers in public schools. |
| 2.3.2.7 Daar word ook gewerk aan materiaal wat die kurrikulum tegnologies verryk. Hiervoor maak ons gebruik van 'n oud adjunkhoof en 'n grafiese ontwerper wat hulle kennis met ons deel. | 2.3.2.7 Material is being developed to enrich the curriculum technologically, with the aid of a former vice-principal and graphic designer. |

| | |
|---|---|
| 2.3.2.8 Ons is dankbaar om te meld dat knap skrywers van oraloor net kom aanmeld vir diens. Hulle word ook vergoed daarvoor. | 2.3.2.8 We gratefully mention the skilled writers from all over who eagerly offer their services, for which they are compensated. |
| 2.3.2.9 Al die handboeke word in kleur gedruk om dit mooi aanskoulik te maak. | 2.3.2.9 All textbooks are printed in colour to make it visually appealing. |
| 2.3.2.10 Daar is ook belangstelling vir hierdie kurrikulum na die buiteland (Namibië). | 2.3.2.10 Interest in this curriculum has also been received from abroad (Namibia). |
| 2.3.2.11 Sodra die reeks voltooi is sal dit ook in Engels vertaal word. | 2.3.2.11 Once the series has been completed, it will be translated into English. |
| 2.3.2.12 Tydens die Sinode sal voorbeelde van hierdie kurrikulum besigtig kan word. | 2.3.2.12 Examples of this curriculum will be available during the synod. |
| 2.3.2.13 Die reeds voltooide dele word met groot vrug in talle skole gebruik. | 2.3.2.13 The completed sections are already bearing fruit in a number of schools. |
| 2.4 Die Deputate wys ook die Sinode op die positiewe ontwikkeling met die stigting van Fontein Uitgewery. | 2.4 The Deputies would also like to point out the positive development of the founding of Fontein-uitgewery. |
| 2.4.1 Skoolkurrikulum en ander Gereformeerde publikasies word hierdeur vergemaklik. ICO, Aros en GSDP het kragte saamgesnoer en die splinternuwe Fontein Uitgewery het ontstaan. Ons is dankbaar om te kan meld dat Fontein Uitgewers ‘n belangrike plek in die Gereformeerde samelewing, kerk, skool en gesin vul. Op die skoolfront skuif die uitgee van die skoolkurrikulum na Fontein Uitgewery. ICO bly verantwoordelik vir die ontwikkeling en skryf daarvan. Dieselfde geld ook vir die kurrikulum wat vir Aros ontwikkel word. | 2.4.1 This facilitates the production of school curriculum and other Reformed publications. The ICO, Aros and GSDP joined forces to establish the brand-new Fontein-uitgewery, which fills an important place in Reformed society, church, school and family. Publishing the school curriculum has now moved to Fontein-uitgewery, although ICO remains responsible for its development and formulation. The same is true for the curriculum being developed for Aros. |
| 2.4.2 Op die kerk en gesin se front het heelwat interessante publikasies verskyn of gaan binne die volgende maand gereed wees vir verspreiding. Enkele titels is: | 2.4.2 A number of quite interesting publications have been released or will be released in the coming month for the church and family. The following are a few examples: |
| 2.4.2.1 Dopperdagboek. | 2.4.2.1 Dopperdagboek (Dopper diary). |
| 2.4.2.2 Dopperdagboek vir die vrou. | 2.4.2.2 Dopperdagboek vir die vrou (Dopper diary for the woman). |
| 2.4.2.3 Sketse oor die Reformatore vertel vir laerskoolkinders. | 2.4.2.3 Sketse oor die Reformatore vertel vir laerskoolkinders (Sketches about the Reformers told to primary school children). |
| 2.4.2.4 Calvyn se betekenis vir die onderwys (‘n reeks artikels wat in *Die Kerkblad* verskyn het, is nou heruitgelê en word uitgegee as ‘n klein brosjure). | 2.4.2.4 Calvyn se betekenis vir die onderwys (’n reeks artikels wat in die Kerkblad verskyn het, is nou her-uitgelê en word uitgegee as ’n klein brosjure) (Calvin’s influence on education – a series of articles that appeared in the Kerkblad and are set out in the form |

| | |
|---|---|
| | of a brochure). |
| 2.4.2.5 Heruitgee van die Calvyn jeugroman deur Jansie van der Walt. | 2.4.2.5 Rerelease of Calvin's youth novel by Jansie van der Walt. |
| 2.4.2.6 Ons glo: Dagstukkies oor die Heidelbergse Kategismus. | 2.4.2.6 Ons glo: Dagstukkies oor die Heidelbergse Kategismus (We believe: Devotions on the Heidelberg Catechism) |
| 2.4.2.7 In gesprek met God: Bybelstudie. | 2.4.2.7 In gesprek met God: Bybelstudie (In conversation with God: Bible Study) |
| 2.4.3 Die hele In U Hande reeks (katkisasie) word hersien. Deel 1 is afgehandel. | 2.4.3 The entire In U Hande series (catechism) is being revised, of which part 1 has been completed. |
| 2.4.4 Die volgende opwindende platform vanuit die Fontein Uitgewery is die aanlynwinkel. Dit word ontwikkel sodat onderwysers en Gereformeerde lidmate van oor die hele land maklik toegang kan kry tot al die nuwe publikasies. | 2.4.4 The next exciting platform from Fontein-uitgewery is the on-line shop, which is being developed that teachers and Reformed members from across the country may have easy access to all new publications. |
| 2.4.5 Ons vertrou dat hierdie nuwe inisiatief ook sal bydra tot die uitbou van Gereformeerde leer en lewe. | 2.4.5 We trust that this new initiative will contribute to the expansion of Reformed doctrine and life. |
| **Besluit: Punte 2.1 tot 2.4.5 kennis geneem.** | **Decision: Points 2.1 to 2.4.5 noted.** |
| **3. Sake waaroor die Sinode besluit**<br>Aanbevelings | **3. Matters that the Synod decide on**<br>Recommendation |
| 3.1 Deputate maak kontak met gemeentes om hulle te bedank vir die ondersteuning en hulp met die ontwikkeling van 'n Christelik gefundeerde kurrikulum. | 3.1 Deputies contacted congregations to thank them for the support and assistance with the development of a Christian-based curriculum. |
| **Besluit: Goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).** | **Decision: Approved (amendments already added – Deputies Acta).** |
| 3.2 Die Sinode neem met dank kennis van die vordering op terrein van kurrikulum en publikasies. Die Sinode rig ons hartlike dank aan die ICO personeel vir die noodsaaklike en kosbare taak wat hul met die kurrikulum verrig. | 3.2 the Synod take note with thanks of the progress on the terrain of curriculum and publications – the Synod expresses its sincere gratitude to the ICO staff for the essential and precious task they are performing with the curriculum. |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |
| 3.3 Deputate maak kontak met gemeentes om hulle op te roep om ouers, onderwysers, skole en tuisskolers aan hierdie kurrikulum bekend te stel. | 3.3 Deputies contact congregations to call upon them to expose parents, teachers, schools and home schoolers to this curriculum. |
| **Besluit: Goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).** | **Decision: Approved (amendments already added – Deputies Acta).** |
| 3.4 Deputate maak kontak met gemeentes om hulle aan te spoor om gebruik te maak van Fontein Uitgewers vir Reformatoriese publikasies. | 3.4 Deputies contact congregations to encourage them to make use of Fontein Publishers for Reformatory publications. |
| **Besluit: Goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).** | **Decision: Approved (amendments already added – Deputies Acta).** |
| 3.5 Een vrywillige kollekte vir Kurrukilum- | 3.5 One voluntary collection be set aside for |

| | |
|---|---|
| ontwikkeling deur ICO (kyk Rapport 1).<br><br>**Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).**<br>3.6 *Opdragte aan die Deputate*<br><br>3.6.1 Bied steun aan ICO insake die ontwikkeling en bekendstelling van 'n Christelike Kurrikulum vir gebruik in openbare skole, private skole en vir tuisonderrig.<br>3.6.2 Samewerking met ICO in die organisering van 'n onderwyskongres.<br>**Besluit: Punte 3.6.1 en 3.6.2 goedgekeur.** | curriculum development by ICO (already requested in Report 1).<br>**Decision: Approved (amendment already added – Deputies Acta).**<br>3.6 *the Deputies be given the following tasks:*<br>3.6.1 Offer support to ICO in the development and introduction of a Christian curriculum for implementation in public schools, private schools and home schooling.<br>3.6.2 Cooperate with ICO in arranging an education conference.<br>**Decision: Points 3.6.1 and 3.6.2 approved.** |